Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/LCyni5532IU

Nuus vir die week

Sondag 8 Maart:

- Daar is Sondag twee eredienste om 08:30 en 10:00. Die eredienste word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Jacques Jacobs wat Vrydag ‘n operasie ondergaan.
- Renske Marais wat môre ‘n knievervanging ondergaan.
- Janny Oudshoorn (moeder van Gerda Kooi) wat opgeneem is in die hospitaal.
- Vir ons Predikante in ‘n moeilike tydperk, a.g.v. die Sinode besluite en die uitvloeisels daarvan.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Rian en Elizabeth van der Merwe met die geboorte van hul babadogtertjie, Lana. Bernard en Ilda van der Merwe is die trotse oupa en ouma.

Gebed vir die week:

Stuur epos aan die kerkkantoor om die skakel te ontvang om by die Gebedsgroep aan te sluit

Indien jy die eNuus op jou selfoon lees, kan jy op die volgende skakel klik:
https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nflhPz

Vanaf die kerkraad se tafel

Die Kerkraad (KR), het 'n vergadering gehou op **Woensdag 04 Maart 2026.** Hier volg kortlikse terugvoer, wat nou belangrik is om te kommunikeer, vanuit bg. vergadering aan die lidmate:

Sake wat die Kerkraad (KR) hanteer het waaroor daar nou gekommunikeer kan word:

1) **Terugvoer vanaf die Gemeente vergadering oor die Kerkraad se hantering van die Sinode besluite:**

Op Sondag 01 Maart 2026, na afloop van die Erediens is daar 'n Gemeente vergadering gehou om 'n meningsopname te hou oor die onlangse Kerkraad besluite rakende die hantering van die 2026 Sinode besluite rakende VIDA (Vroue in die ampte), maar die besluit het spesifiek ook gehandel oor wat nou gaan gebeur met die Gemeentes wat nie hou by die Sinode besluite nie.

Soos alombekend by hierdie tyd, het die Kerkraad (KR) by 'n spesiale Kerkraad vergadering op Ma. 16 Februarie 2026, besluit om te hou by die vorige besluite wat die KR geneem het in 2006, om wel vroue in die spesifieke ampte of dan eerder dienste, (soos Dr Rassie dit vir ons uitgeklaar het in die erediens wat die Gemeente vergadering vooraf gegaan het), van Predikante, Ouderlinge en Diakens te mag gebruik.

Die Gemeente het toe geleentheid gekry om hulle meninge te gee oor die besluite van die Kerkraad en daar was tydens die genoemde Gemeente vergadering twee stellings gestel waaruit die lidmate toe hulle keuse kon gee, nl.: "Stem jy saam met die Kerkraad se hantering en besluite oor VIDA" of "Stem jy nie saam met die Kerkraad se hantering en besluite oor VIDA nie".
Die uitkoms hiervan was dat daar 390 lidmate saam gestem het met die KR besluite en 18 lidmate wat nie saam gestem het nie.

By die KR vergadering Wo. 04 Mrt. 2026 het die saak weer gedien en is dit nou ook na afloop van die meningsopname, vir die KR duidelik dat die lidmate oorweldigend saam stem met die KR se hantering en besluite van hierdie spesifieke saak. Daarmee het die lidmate ook nou vir die KR die mandaat gegee om nou ook die verdere uitvalle / gevolge hiervan te hanteer. Dit gaan nou behels dat daar spesifieke vrae opgestel is deur die Dagbestuur van die KR, oor wat die Sinode bedoel met "Gemeentes het hulle self buite die kerkverband geplaas" en wat sou die praktiese gevolge daarvan wees, wat nou eers beantwoord moet word, deur die Admin Buro en die betrokke Deputate wat die Sinode aangewys het. Tweedens om ook betrokke te wees by die opstel van beswaarskrifte oor die Sinode se hantering en besluite wat so aan die Gemeentes per brief deurgegee is.

Die KR vra ook dat die lidmate, om as deel van hulle gebede, die Predikante saam met die KR sal opdra in hierdie tyd wat veral nie maklike is en gaan wees nie.

2) **Burundi Uitreik is weer 'n amptelike bediening van die Gemeente:**

Agtergrond: Die KR het in 2011 reeds 'n uitfaserings proses goedgekeur, soos wat daar 'n kontraktuele verbintenis tot einde gekom het. Hierdie proses is eers met ingang 2018 finaal deurgevoer. In hierdie tyd is die bediening oorgegee aan 'n bediening met die naam Veritas

om daarmee voor te gaan. Dit het egter later heeltemal misluk. Daarna was daar slegs geringe donasies vanaf WPR oor betaal. In die tyd het daar ’n paar lidmate ‘n Burundi ondersteunings groep gestig, wat verdere kontak gehou het met Ruben Safari en hom ondersteun het en ook fondse probeer insamel het sodat Ruben kan oorleef. Die Gemeente se Uitreik Bediening het wel weer finansieel begin bydra tot die projek vanaf 2024.

Omdat die KR besluit van 2011 nog gestaan het, moes die KR gister by die vergadering besluit om die vorige besluite van 2011 te herroep en is besluit dat die Burundi uitreik aksie weer ’n amptelike bediening sal wees van die Gemeente, maar hierdie keer slegs as ’n donateur en nie meer as stuurende Gemeente nie.

3) Finansiële sake:

Die KR en die Finansiële Werkgroep (FWG) wil die volgende opsommings deurgee aan die lidmate rakende die afsluiting van die 2025 finansiële boekjaar:

Die KR het kennisgeneem dat die Gemeente tans nog onder finansiële druk verkeer en dit kan ook so gesien word uit die volgende opsomming van die syfers vir 2025:

a) Totale Inkomste was R12 037 269 en is R345 046 meer as in vergelyking oor dieselfde tydperk met die vorige jaar, asook R19 550 meer as die begroting.
b) Totale Uitgawes was R12 578 658 en is R363 892 meer as in vergelyking oor dieselfde tydperk met die vorige jaar, asook R510 320 minder as die begroting.
c) **Die Netto Tekort vir die jaar beloop R541 389.**

Die KR wil weer die lidmate, wat tans geen bydraes gee nie, versoek om dit asb. te oorweeg om wel ’n bydrae te gee tot die uitbreiding van Gods Koninkryk, ook op hierdie manier, hier op aarde.

4) Fondswerwing:

Die vermoë om fondse ook op ander maniere vir die Gemeente, projekte en bediening in te samel word ook al hoe meer ’n belangrike saak / metode. Dit is ook ’n gawe wat ons Hemelse Vader vir ons gee. Dit is ook ’n feit dat die Here hierdie gawe ook gee aan sekere lidmate. Daar het egter nog nie iemand na vore getree en hom / haar self kom aanmeld om die sameroeper of lid van hierdie inisiatiewe te wees nie. Daarom wil ons ’n versoek rig aan hierdie betrokke lidmate om te kom aanmeld, om ook hier so jou gawes tot voordeel van die uitbreiding van Gods Koninkryk te kom aanwend. Kontak net vir Gawie Jooste by die Kerkkantoor en stel jouself beskikbaar vir die doel.

5) **Ouderlinge indeling by Kleingroepe:**

In die toekoms word alle Ouderlinge elk by ’n paar Kleingroepe ingedeel. Die hoofsaaklike doel hiermee is:

a. Die Ouderlinge woon van tyd tot tyd sy/haar kleingroepe byeenkomste by wat onder hom / haar ingedeel is, om so doende ook die lidmate daarin te leer ken.
b. Die Ouderling kan dan omsien na die kleingroep en observeer of die bediening binne die kleingroep gesond is. Indien daar probleme is, kan die ouderling en die kleingroepleier dit hanteer. Daarom is dit noodsaaklik dat die kleingroepleier, asook enige kleingroeplede die vrymoedigheid sal hê om hul betrokke Ouderling te kontak, indien hul enige kwessie wil bespreek wat die kleingroep nie self onderling kan bylê nie. Dit bly egter belangrik dat die eerste vlak van pastorale versorging binne die kleingroepe self hanteer en deur die kleingroepleiers fasiliteer word. Eers as die kleingroep dit nie self verder kan hanteer nie, word die Ouderling wat omsien na die kleingroep betrek.
c. Die Ouderlinge wat omsien na die kleingroepe rapporteer by die Ouderling vergadering oor die welstand van die bediening binne die kleingroepe.

Ontvang dus die Ouderlinge wat so by julle Kleingroepe ingedeel is met ope arms en laat hulle welkom voel. (Die Kerkkantoor moet nou eers die administrasie hiervan doen, maar daarna behoort die Ouderlinge te begin kontak maak met die Kleingroepe).

Musiekleier - Kontemporêre erediens

Vakature - musiekleier

Aangesien Wihan Pretoria verruil vir Somerset-Wes, is die pos van musiekleier van die kontemporêre diens nou vakant. Wapadrant ontvang graag aansoeke van persone met toepaslike kwalifikasies / vaardighede wat daarin belang stel om die Musiekleierspos van die Kontemporêre erediens te beklee.

Nadere besonderhede is beskikbaar by die voorsitter van die Erediensbediening, Johan Vorster (083 766 8888) of die Registrateur, Gawie Jooste (012 991 8877).

Belangstellendes moet hul aansoeke, vergesel van 'n CV en verwysings, asseblief skriftelik indien, **voor die sperdatum van 10 Maart 2026**, vir die aandag van Die Registrateur (Gawie Jooste), per e-pos by gawie@gkwapadrant.co.za

Klik op die skakel vir volledige inligting:
https://drive.google.com/file/d/11Ji3rbNDvLldCyxy0HOxUsK2rpOzhk0Z/view?usp=sharing

Gaweveiling

Ek hoop jy is al opgewonde oor die Gaweveiling wat op 6 Maart om 18:30 plaasvind. Die aanmeld van Gawes het nou gesluit. Van die gawes wat ingekom het, sluit onder meer in:

- Staanhorlosie, muurhorlosie, GoldAir waaier, verskeie skilderye, ysmaker, dubbelboom pot, Kenwood menger, verskeie bottels wyn, verskeie bottels vonkelwyn, 3/4 grootte kitaar, pepermeule, snyborde, Portapotti, Tyddeel, kursus oor stresbeheer, Verf van eiendom (buite), hout stoele, lamsvleis en vele meer!

Jy kan nie hierdie geleentheid misloop nie!

Foto’s van al dit items sal vooraf op die WhatsApp-groep gedeel word.

Kontak Louise indien jy aan die veiling wil deelneem of sluit direk aan by die WhatsApp groep deur te klik op die volgende skakel: https://chat.whatsapp.com/BMjCovrB9ETI6bNdP8xC9Z

Uit en Tuis

Carin Kruger van GK Wonderboom-Suid reël ‘n Dopper-jukskeidag. Dagboek solank die datum.

Vra jou vraag

Weglaat van tekste in latere Bybelvertalings

Vraag: Ek het met verbasing kennis geneem dat daar 'n vers uit die 1953-vertaling "verwyder/weggelaat" is en nie in die latere vertalings van die Bybel voorkom nie. Die vers is Mattheus 17:21. Die vers lui in die 1953-vertaling: “Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie!”

Ek sou graag wou weet wat die rasionaal/verduideliking agter hierdie weglating is, asook wat hierdie vers presies beteken?

Antwoord: Die teks is gewoon in latere vertalings weggelaat vanweë die feit dat dit nie in van die mees betroubare primêre brontekste tot ons beskikking voorkom nie. Die mees betroubare brontekste, is tekste waar daar nie twyfel oor die korrektheid van die teks is nie. Dit is nie weens mala fide weggelaat nie maar bloot omdat daar nie genoeg steun vanuit die brontaal tekste voorkom nie.

Klik op die skakel vir die volledige antwoord:
https://drive.google.com/file/d/1Zf2cZIP-Z801kqb3gB7yN8y60syHb135/view?usp=sharing

Die vrae en antwoorde is ook beskikbaar op die webblad by https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Ander gemeentes se byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

Wat is nuut?

- Gesinstoerusting deur GK Brooklyn
- Pos by Bybelgenootskap as Verhoudingsleier: Noordelike Streek

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor